higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 3

(3021013)

10 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

514Q1N2010

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 HOURS
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Konsultante word betaal om kundige professionele raad te verskaf.

1.1.2 'n Sakeplan is 'n dokument waarin die onderneming se toekomstige rigting en die roete wat die onderneming inslaan, getoon word.

1.1.3 Die behoud van klante beteken dat die onderneming verseker dat klante gelukkig is en vir nog produkte sal terugkeer.

1.1.4 Ekonomiese groei vind plaas wanneer werk geskep word, welvaart vermeerder word en mense se lewenstandaard verbeter word.

1.1.5 Delegering beteken dat werkers volgens hul spesialiseringsarea verdeel word.

1.1.6 Werkers dra geld tot die onderneming by met die oogmerk om in die winste te deel.

1.1.7 Die tyd wanneer die fabriek of onderneming nie bedryf word nie, word staantyd genoem.

1.1.8 Ondernemers is ondernemings wat aan dieselfde klante verkoop en om hul klandisie meeding.

1.1.9 Die werkskedule is 'n dokument wat werkers in staat stel om hul eie pas vas te stel ten einde by spertye te kan hou.

1.1.10 Afleggings vind plaas wanneer mense uit hoë gesagsposisies na lae posisies geskuif word.

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Wanneer 'n hoë posisie met hoër betaling aan 'n werknemer toegewys word	A	spesialisering
1.2.2	'n Maatskappy wat bereid is om die koste te dek ingeval 'n maatskappy-voertuig by 'n ongeluk betrokke is	B	begroting
1.2.3	Wanneer 'n maatskappy goedere of dienste per kontrak van 'n eksterne verskaffer ontvang	C	marknavorsing
1.2.4	Die oorkoepelende aktiwiteite wat deur 'n onderneming uitgevoer word	D	gebeurlikheidsplan
1.2.5	Vraelyste en onderhoude word gebruik om klante op te spoor en die produkte, wat hulle wil koop, te voorsien	E	promosie
1.2.6	Wanneer die hoeveelheid geld wat in 'n bepaalde tydperk bestee gaan word, beplan word	F	bedrywighede
1.2.7	Die doel daarvan is om rekenskap te gee van veranderinge wat onverwags kan plaasvind	G	versekeraar
1.2.8	Die proses waarvolgens daarop gekonsentreer word om 'n bepaalde produk te produseer, teenoor die produsering van 'n wye reeks produkte	H	SABS
1.2.9	Dit beskik oor die potensiaal om die uitvoering van sakebedrywighede te verhinder	I	TGBS
1.2.10	Hy verseker dat ondernemings aan nasionale gehaltestandaarde voldoen	J	uitkontraktering
		K	gevare
		L	demosie

(10 × 1) (10)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Unalitha (Edms) Bpk (UEB) vervaardig, versprei en knap skoolmeubels op. Hierdie maatskappy is in Kimberley in die Noord-Kaap geleë. UEB vervaardig lessenaars, stoele en stapelstoele ('rickstackers') uit saligna en superhout. Die maatskappy word in 2015 deur 'n bemarkingsgegradueerde en voormalige private werknemer, Harry Sabisa, begin. Harry begin deur klimrame aan te koop en dan aan skole in en om Kimberley te herverkoop. Op daardie manier sien hy 'n geleentheid rakende skoolmeubels raak. Tydens sy besoeke aan skole merk hy op dat daar 'n behoefte aan nuwe tafels en stoele is, aangesien baie skole steeds ou meubels gebruik.

Harry sien ook 'n bedryfsgaping raak aangesien geen plaaslike maatskappy skoolmeubels maak nie. Die meeste plaaslike maatskappye koop skoolmeubels van buite die Noord-Kaap aan en verkoop dit dan aan die skole. Dit bied aan hom die geleentheid om dit vir klante makliker te maak deurdat hy die lang wagtye uitskakel. Toe Harry by SEDA aanklop, het UEB uitdagings gehad, insluitende beperkte kontrakte en 'n behoefte aan groter masjinerie om groter hoeveelhede te produseer. SEDA staan hom by met die ontwikkeling van 'n sakeplan, bemarkingsmateriaal en finansiële state. Die ondersteuning wat SEDA hom bied, help UEB om te groei wat sy klantebasis, inkomste en aantal werknemers betref.

[Bron: *www.entrepreneurmag.co.za/advice/success stories* – geredigeer]

2.1 Harry moet die rolle wat aan sy personeellede toegeken is, effektief verduidelik.

Gee VYF riglyne wat hy moet volg wanneer hy aan die werknemers kommunikeer wat hul rolle behels. (5 × 2) (10)

2.2 Gehaltebehoeftes wissel van onderneming tot onderneming.

Verduidelik hoe UEB aan die gehaltestandaarde kan voldoen. (2 × 2) (4)

2.3 UEB bestaan uit verskillende ondernemingstelsels wat van mekaar afhanklik is om hul aktiwiteite uit te voer.

Verduidelik hoe die ondernemingstelsels aan mekaar verbind is. (5 × 2) (10)

2.4 UEB word in 'n omgewing van risiko's en onsekerhede bedryf.

Verduidelik hoe potensiële risiko's te bowe gekom kan word. (4 × 2) (8)

2.5 Verduidelik watter bronne UEB kan gebruik om hulpbronne vir 'n bedryfsplan te verkry. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die belangrikheid van risikobestuur. (4 × 2) (8)

3.2 'n Voortgesette verhouding met alle belanghebbers moet bestuur word.

Hoe kan UEB sy belanghebbers in stand hou en behou? (4 × 2) (8)

3.3 Verduidelik die belangrikheid van 'n bedryfsplan vir 'n onderneming. (7 × 2) (14)

3.4 UEB se sukses hang van sy effektiewe aanwending van hulpbronne af.

Verduidelik enige moontlike gevolge wat UEB kan ervaar weens die nievoldoening aan gehalteprosedures. (6 × 2) (12)

3.5 Harry moet 'n instandhoudings- en huishoudingsplan ontwikkel.

Gee voorbeelde van take wat by 'n maandelikse huishoudingsprogram ingesluit behoort te word. (4 × 1) (4)

[46]

VRAAG 4

4.1 UEB moet aan gehaltestandaarde voldoen.

Verduidelik die redes dat daar nie aan gehalteprosedures voldoen word nie. (4 × 2) (8)

4.2 Gee SES redes dat Harry 'n gehaltebestuurstelsel (GBS) vir hierdie onderneming in gebruik moet neem. (6)

4.3 Verduidelik die riglyne wat in aanmerking geneem moet word wanneer 'n werkskedule ontwikkel word. (5 × 2) (10)

4.4 Harry moet seker maak dat die onderneming oor die hulpbronne beskik wat hy benodig om sy plan te implementeer.

Noem en verduidelik VYF hulpbronne wat UEB nodig het om effektief te kan funksioneer. (5 × 2) (10)

4.5 As elke ondernemingstelsel daarin slaag om sy doelwitte te bereik, sal die organisasie se oorkoepelende doelwitte waarskynlik ook verwesenlik word.

Wat is UEB se VIER doelwitte? (4)

4.6 Verduidelik die bestuursrolle wat Harry vir die implementering van die maandelikse aksieplan moet vertolk. (3 × 2) (6)

[44]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou